

STAANDE WERKSPROSEDURE (SWP) RAKENDE DIE FINANSIËLE STEUN AAN BOLAND GHOLF UNIE (BGU) SPELERS

DOEL: Die doel van hierdie SWP is om die riglyne te bevestig waarvolgens die BGU finansiële steun aan geaffilieerde spelers van die Unie sal verleen.

❖ OOM POSISIE

TEIKENGROEP: Top 3 spelers op die Ope, Mid Am, Senior en Junior OOM.

BEPERKING OP FINANSIËLE STEUN: Finansiële steun aan die spelers word slegs vir toernooie in hul ouderdomsgroepe gegee, maw Ope spelers, Seniors, Mid Amateurs en Juniors. Spelers word nie finansiëel bygestaan vir toernooie wat hul buite hul ouderdomsgroep wil speel nie. Mid Am & senior seriese word ook nie hierby ingereken nie.

‘n Speler moet eers die minimum hoeveelheid kwalifiseerende rondtes speel (soos in onderskeie Oom’s uiteengesit) ten einde te kwalifiseer vir finansiële ondersteuning.

TOERNOOIE: Die BGU sal die top 3 spelers op bogenoemde OOM’s se inskrywingsfooie betaal vir BGU klub opes / geslotes, provinisiale opes en nasionale opes.

Geen addisionele kostes sal betaal word nie. Die “reimburse policy” rakende prestasie kan voltooi word om vir prestasies te vergoed.

BEEINDIGING VAN TOELAES: Sodra ‘n speler aansoek doen vir die betaling van inskrywingsfooie vir bogenoemde toernooie, sal die BGU kantoor eers die betrokke OOM raadpleeg om te verseker dat die spelers steeds sy posisie in die top 3 op die OOM het alvorens die betaling bekragtig sal word.

Sodra die speler nie meer in die top 3 van die betrokke OOM is nie, sal die toelaag nie meer betaal word nie.

❖ BGU OEFENGROEPE (SQUADS)

TEIKENGROEP: Oefengroepe (squads) wat formeel deur BGU seleksie komitees aangewys word vir die volgende groepe:

- Prem IPT
- Mid Am
- Countries
- Seniors
- U19 IPT

TOERNOOIE: Die BGU sal die inskrywingsfooie van bogenoemde oefengroep spelers op vooraf goedkeuring van die spanbestuurder betaal vir klub opes, provinisiale opes en nasionale opes waarin hulle wil speel vandat die oefengroep aangewys is, tot en met die dag wat die Boland span aangekondig word.

Geen addisionele kostes sal betaal word nie. Die “reimburse policy” rakende prestasie kan voltooi word om vir prestasies te vergoed.

BEEINDIGING VAN TOELAES: Die dag wat Boland span aangewys word vir die Inter provinisiale toernooie, verval hierdie toelaag.

❖ **BGU INTER PROVINSIALE SPANNE (IPT)**

TEIKENGROEP: IPT spanne wat formeel deur BGU seleksie komitees aangewys word vir die volgende toernooie:

- Prem IPT
- Mid Am
- Countries
- Seniors
- U19 IPT

TOERNOOIE: Die BGU sal die inskrywingsfooie van bogenoemde IPT spelers betaal vir klub opes, provinisiale opes en nasionale opes op vooraf goedkeuring van die spanbestuurder waarin hulle wil speel vandat die span aangewys is, tot en met die dag waarop die IPT begin.

Geen addisionele kostes sal betaal word nie.

Die "reimburse policy" rakende prestasie kan voltooi word om vir prestasies te vergoed.


BEEINDIGING VAN TOELAES: Die dag waarop die IPT begin verval hierdie toelaag.

ALGEMEEN:

Sou 'n speler onttrek van 'n toernooi waarvoor die BGU betaal het en sy inskrywingsfooie verloor, sal daardie speler verantwoordelik wees om dit aan die Unie terug te betaal.

INPLEMENTERING

Hierdie dokument is van krag met ingang van 11 September 2019.



GEORGE BEZUIDENHOUT
PRESIDENT: BOLAND GHOLF UNIE